Maandag

Joh. 11: 16 – 44. Teks Joh, 11: 25, 26. “ Jesus het vir haar gesê: Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal leef al het hy ook gesterf. Tema Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe kosbaar. Ons is nou reeds twee weke na die verwisseling van twee jaargetye, van 2022 na 2023. Ons het nou al voluit besig geraak met hierdie nuwe jaar en voel al klaar hierdie nuwe jaar is ‘n ou jaar. Die Nuwejaar-gevoel van ons kan nuut begin, oor begin en met iets nuuts besig wees, is binne twee weke weg. Dit is hoe ons tydelike bestaan werk: alles wat nuut is word oud! Ons tydelikheid maak van alles wat vandag nuut is, more iets van die verlede. Wanneer ons besef dat ons tydelikheid maak alles wat nuut is oud, dan kan ons binne die Here se opwekking van Lasarus uit die dood uit ontdek wie maak alles nuut. Daar is ‘n parallel tussen Jesus se opwekking van Lasarus uit die dood en sy eie opstanding uit die dood met die Paasfees: Lasarus is in doek toegedraai in ‘n graf wat nuut uitgekap is uit rots met ‘n klip wat voor die uitgang gerol word, en was vier dae in die graf. Jesus is ook in doeke toegedraai, in ‘n nuut uitgekapte graf met ‘n klip wat toerol en het drie dae na sy dood uit die dood uit opgestaan. Met hierdie wonderwerk openbaar die Here wie Hy is en wat Hy gaan doen. Daarom reageer Martha met die geloofsbelydenis dat sy glo dat Jesus die Messias, die Christus, die Seun van God is. Met hierdie wonderwerk wys die Here dat Hyself sal sterf en begrawe word om die oordeel van die dood op Hom te neem en dan sal Hy na drie dae uit die dood opstaan om weer lewend mens te wees, net soos Hy Lasarus weer as mens lewend uit die dood laat opstaan het. Só sal die Here mense uit die dood kan opwek om weer te leef, soos Hy Lasarus uit die dood opgewek het. Ons nuutheid lê nie in nuwe tydperke, geleenthede, mense, verhoudings of besittings nie. Dit is geanker in Christus, In wat Hy met Homself gedoen het en met ons gaan doen: Hy het as mens weer lewend uit die dood uit opgestaan en sal ons as mense weer lewend uit die dood laat opstaan. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Joh. 11: 16 – 44. Teks Joh, 11: 25, 26. “ Jesus het vir haar gesê: Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal leef al het hy ook gesterf. Tema Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe kosbaar. Nuut is om, te leef al het jy gesterf. Nuut is om tot in ewigheid dan nooit weer te sterf nie. Dit is die ewige lewe wat Christus openbaar in sy woorde aan Nikodemus: Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. (Joh. 3:16 Die ou lewe buite Christus klink só: as jy dood gaan is jou lewe verby en dan is jy vir ewig nog net ‘n gees, ‘n gedagte of ‘n herinnering in mense se gemoed. Jy kan en sal egter nooit weer mens van vleis en bloed wees nie. Daar is ‘n direkte verband tussen nuut en die toekoms en oud en die verlede. Wanneer is en voel jy nuut? Wanneer jy in die reën, die krag van die natuur en in jou bankrekening sien dat jy en jou boerdery het ‘n toekoms. Om ‘n toekoms te hê maak jou nuut en om nie ‘n toekoms te hê nie, laat jou oud wees. Ou mense is mense sonder ‘n toekoms en jongmense is mense met ‘n toekoms. Christus maak die verskil tussen oud en nuut. Hierdie nuutheid is nie dat ons nie sal doodgaan nie. Die Here verklaar dat ons sal leef al sterf ons. Daarmee bevestig die Here dat dit ons eie aard as mense is om tydelik te wees. Ons is altyd mense wat in die tyd leef en vir wie alles tydelik is. Ons kan as mense nooit soos God tydloos wees nie. Christus kom maak hierdie verskil in ons tydelikheid dat Hy ons uit die dood sal laat opstaan om mens van vleis en bloed te wees – vir altyd. Só

maak Christus ons mense in tyd wat altyd ‘n toekoms het in tyd want ons het tot in ewigheid altyd ‘n toekoms. Hy sal ons laat leef al het ons gesterf, nes met Lasarus en Hy wat self uit die dood uit opgestaan het. Christus laat ons hier en nou vir God leef, en deur my uit die dood te laat opstaan maak die Here die lewe wat ek hier en nou leef deel van die lewe wat ek ewig sal leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag
Joh. 11: 16 – 44. Teks Joh, 11: 25, 26. “ Jesus het vir haar gesê: Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal leef al het hy ook gesterf. Tema Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe kosbaar. Dit is die ewige lewe wat Christus ons gee: ons leef vir altyd as mens met God. Ewig is altyd mens in tyd, vir altyd, nooit tydloos soos God nie. Hierdie ewige lewe wat ons met Christus leef verander ons daaglikse lewe. Dit maak alles wat tydelik is en tydelik bly vir ewig kosbaar want elke mens, geleentheid, liefde, toewyding en dienswerk van elke dag is deel van my toekoms. Só is niks wat ek vir God en my naaste doen verlore of kan dit verlore gaan in die verlede nie. Alles in my lewe wat tydelike is bly deel van my toekoms want ek sal in Christus vir altyd leef. Dit is hoe liefde moet wees – dit het ewigheidswaarde omdat dit deel van ons toekoms is. Dit is soos liefde van kinders vir ouers en kleinkinders vir grootouers. Die liefde wat ons met hulle deel bly altyd deel van ons lewe. So maak Christus wat ons ‘n toekoms vir ewig gee liefde vir altyd deel van ons lewe. Die Here openbaar hierdie ewigheidswaarde wat Hy aan ons liefde gee met die oproep in die Johannes evangelie: Bly in my soos Ek in julle. Hierdie kosbaarheid van ons tydelike lewe - dit is vir altyd deel van ons toekoms – gee ‘n dringendheid aan die lewe wat ons leef: dit gee ons ‘n ywer om elke liefde, geleentheid, mens en diens deel van ons ewige lewe te maak. Want omdat ons tydelik is en bly het ons elke dag net hierdie tyd om alles deel van ons ewige lewe te maak. Hierdie nuwe lewe in Christus vir ons skep is totaal iets anders as die lewe van goddeloses en afgodedienaars. Goddeloses soek geluk in ‘n ‘n fatalistiese gelatenheid alles word niks en afgodsdienaars soek met dieselfde fatalisme dat alles gaan verby, alles word oud en gaan tot niet ‘n ware lewe in God se goddelikheid. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Joh. 11: 16 – 44. Teks Joh, 11: 25, 26. “ Jesus het vir haar gesê: Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo sal leef al het hy ook gesterf. Tema Die gawe van die ewige lewe maak ons tydelike lewe kosbaar. Goddeloses soek gelukkigheid binne hulle fatalisme dat die lewe verbygaan en verlore is. Hulle soek geluk in kos. Hulle wil in die nuutheid van unieke restaurantjies met spesiale wyne en disse vergoed vir alles wat tot niet gaan en oud word. Net so soek hulle nuutheid in nuwe besittings. Nuwe karre, klere, huise en besighede gee aan hulle lewe sonder ‘n ewigheidsbestemming die gevoel van nuutheid. Hulle soek ‘n toekoms met ‘n lewe sonder ‘n ewige toekoms in grootsheid in prestasies, oorloë en oorheersing van ander wat vir ‘n paar geslagte sal hou. Die brutaalste wyse waarop goddeloses egter vir hulself ‘n toekoms wil bewerk binne hulle fatalisme is om die jeugdigheid van jongmense hul eie te wil maak. Hulle wil dat jongmense hul eie toekoms sal wees. Só eis hulle jongmense se krag en lewe op vir hul waardes, hulle idees, hulle sentimente en hul mag. Só wil goddeloses gelukkig wees met alles wat verlore in die verlede raak. Goddeloses probeer ook met afgodsdiens vir hulle ‘n toekoms skep. Hulle soek ‘n toekoms bo verganklikheid binne in die krag, mag, persoon en lewe

van God. Hulle wil God se goddelikheid opeis en beleef om só die tydelikheid van hulle menswees te probeer ontkom. God se goddelikheid maak hulle kamstig ewig. Al hierdie geestelike ingesteldhede van goddeloses neem die dringendheid van die ewige lewe wat ons met god leef weg. Hulle gee hulle of in die geluksaligheid van kos, besittings, prestasies of die jeug oor aan hulle gelatenheid dat alles is verganklik of in goddelikheid soek hulle ‘n uitkoms uit hulle verslaenheid dat hulle as mense tydelik is. Hulle soek geluk as troosprys of hulle gee op op hulle menslike lewe in fantasieë oor ‘n goddelike lewe. Christus egter laat ons nuut leef deur vir ons in ons tydelikheid as mens ‘n ewige toekoms in tyd te bewerk deur ons opstanding uit die dood, soos Hy Lasarus opgewek het om te wys hoe Hy self uit die dood sal opstaan om vir ons ‘n ewige toekoms te skep. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus